# Ontmoeting 27

# Dwase Salomo

## Bybelteks

1 Konings 11:1-13

## Kernwaarheid

Die wyse Salomo het dwase besluite geneem wat tot sy ryk se ondergang gelei het. Ons kan uit Salomo se foute leer deur goeie besluite te neem wat die Here eer.

## Weet meer

**Wie?**
Salomo en sy 700 vrouens en 300 byvrouens.

**Waar?**
In die koningshuis aan die einde van sy lewe.

**Wat?**
Wanneer ons terugdink aan die begin van Salomo se bewind (1 Kon 3, Ontmoeting 25), onthou ons Salomo se tweestryd: Hy was lief vir die Here, maar hy het ook offers vir afgode gebring. In 1 Konings 3:5 sê die Here vir Salomo: "Vra wat Ek vir jou moet gee." Hierdie woorde bevat as't ware 'n identiteitselement: Wat jy vra, bepaal wie jy is en wie jy gaan wees.

Wanneer ons 1 Konings 11 lees, herinner dit ons aan Deuteronomium 17:14-20 wat waarsku hoe 'n slegte koning optree. Daar was hoogtepunte in Salomo se koningskap, soos die bou van die tempel (1 Kon 8) en die wysheid wat hy met die koningin van Skeba deel (1 Kon 10). Maar daar was ongelukkig ook laagtepunte. In 1 Konings 11 sien ons hoe Salomo in die lokvalle trap wat in Deuteronomium 17 uiteengesit word. Die wyse Salomo het dwase besluite geneem wat tot sy volk se ondergang gelei het.

Ons lees in 1 Konings 11:1: "Koning Salomo het baie uitlandse vroue liefgehad." Baie huwelike is destyds gesluit ter wille van politieke voordeel. Die getal vroue en byvroue (byvroue het gewoonlik slawe geword) het moontlik 'n simboliese waarde. Die skrywer gebruik waarskynlik die getal 700 (7 x 10 x 10 vroue) plus 300 (3 x 10 x 10 byvroue) – 1 000 vroue altesaam – om te beklemtoon dat daar te veel was om te tel.

Die probleem was nie dat die vroue uitlanders was nie, maar dat die Here die Israeliete gewaarsku het dat hierdie vroue hulle sou verlei om afgode te aanbid (Deut 7:1-5). Juis dít gebeur nou.

Uit die mond van die Here kom daar dan oordeelswoorde: Die Here gaan die volk wegskeur van Salomo se koningshuis en vir hulle 'n ander koning gee. Net een stam sal ter wille van Dawid in Salomo se nageslag oorbly. Dit is die stam van Juda. In Ontmoeting 28 sal ons meer hieroor lees.

**Waarom?**
Die toegewyde en begaafde koning Salomo het blind geword vir die gevolge van sy keuses. Dit wil voorkom of sy mag en rykdom sy oordeel aangetas het. Aan die begin van sy koningskap kon hy help dat die regte ma haar baba terugkry (1 Kon 3:16-28). Aan die einde van sy lewe sien ons egter dat Salomo nie sy volk se belange in ag neem nie en nie God alleen dien nie.

Ons kan baie by Salomo leer:

- Mag en besittings kan gevaarlik wees.
- Ons besittings moet ons nie besit nie.
- Slegte besluite kan verreikende gevolge hê.
- Net omdat iets as "goed" voorkom, is dit nie noodwendig die regte ding om te doen nie.

Om goeie besluite te neem vra goeie oordeelsvermoë. Dit vra dat ons saam met God na die regte besluite sal soek; dat ons ons met mense sal omring wat goeie advies gee; dat ons besluite nie net ons eie belange sal soek nie, maar ook dié van ander en die ganse skepping.

## Bring saam

- 'n Gunstelingstorieboek wat julle in die huis het.

# Leef saam

## HUISGELOOF

## WELKOM

Gesels saam:

- Vertel vir mekaar van groot besluite wat julle al moes neem. Wat was die gevolge van elke besluit?
- Vertel vir mekaar van 'n "klein" besluit wat later 'n groot invloed op jou lewe gehad het.

## WONDER

Vandag se Bybelgedeelte vertel wat aan die einde van koning Salomo se lewe gebeur. Salomo was bekend vir sy wysheid, maar ons sien hier hoe dinge vir hom skeefgeloop het omdat hy dwase besluite geneem het.

Lees 1 Konings 11:1-13 saam.

Gesels saam:

- Wat het Salomo gedoen om die Here kwaad en hartseer te maak?
- Hoekom dink julle het Salomo so baie vrouens gehad en afgode aanbid?
- Wat was die gevolge van Salomo se besluite?

## WEES

Speel "Voltooi die verhaal". Kies een van julle gunstelingstorieboeke in die huis. As julle nie so 'n storieboek het nie, dink aan 'n bekende verhaal soos Rooikappie. Lees of vertel die verhaal totdat iemand in die verhaal 'n besluit moet neem.

Nou is dit tyd om kreatief te wees. Julle gaan die verhaal saam verander. Watter ander besluite kon die persoon geneem het? Bou voort op die nuwe besluite totdat julle by ’n nuwe einde kom. Voorbeeld: Rooikappie gaan kuier vir haar ouma. Die wolf besluit om nie vir Rooikappie te eet nie en haar eerder vir ’n piekniek te nooi. Rooikappie wonder of sy genoeg kos het om met die wolf te deel en sy besluit dat sy net haar broodjies gaan deel. Hulle gaan sit in die bos … Vertel die verhaal verder totdat julle by ’n einde kom.

Gesels saam:

- Dink aan die oorspronklike verhaal. Watter goeie en slegte besluite kom daarin voor?
- Wat was goeie besluite en wat was slegte besluite in julle nuwe verhaal?
- Wanneer weet ons of iets ’n goeie of ’n slegte besluit is?
- Wat kan ons doen om beter besluite te neem?

## WEGSTUUR

Speel ’n paar keer hierdie week “Voltooi die verhaal”.

*Alternatief:* Dink aan besluite wat julle die afgelope tyd geneem het. Hoe het julle hierdie besluite geneem? Kon julle dalk iets anders gedoen het om beter besluite te neem?